

JEUGLES: Vrugte van die Gees- GETROUHEID en NEDERIGHEID

1. Praise and Worship

2. Wat is Getrouheid:

Getrouheid is om jouself tot iets of iemand te verbind/commit. Jy is 'n persoon wat doen wat jy sê jy gaan doen en mense kan jou vertrou om dit te doen. Getrouheid vra ook dat ons God sal vertrou met ander woorde ons vertrou God vir wie Hy is, wie Hy sê Hy is en wat Hy sê Hy gaan doen.

3. Ysbrekers: Groot belofte / Klein belofte

- Almal staan in middel van kerk. Ek gaan 'n paar beloftes lees van mense. Die kinders moet dan besluit is dit 'n GROOT of KLEIN belofte. Hulle beweeg dan na die kant toe wat ek sal aandui watter kant is groot en watter kant is klein.

Samevatting:

Die les wat ons moet leer uit die ysbreker is dat as jy 'n belofte aan iemand maak moet jy dit hou [commit]. Jy kry nie groot of klein beloftes nie. Net soos jy nie klein en groot sondes kry nie. Sonde is sonde in God se oë, of jy nou R10 steel of iemand doodmaak vir God is albei sonde een is nie groter of kleiner as die ander een nie. Dieselfde met 'n belofte as jy iemand iets beloof het moet jy jouself commit tot jou belofte want daai persoon vertrou jou om dit wat jy beloof het te doen..

Matt 5:37 - Laat jou "JA" eenvoudig "JA" wees en jou n"NEE", nee.

- Kinders deel op in groepe. Een groep staan aan een kant van kerk en die ander groep aan die anderkant van die kerk. In die middel van die groepe is daar 'n "obstacle course". Twee kinders se een hand en been word met 'n band aan mekaar gebind. Die twee kinders moet saamwerk om deur die "obstacle course" te gaan. Herhaal tot al die kinders twee twee deur die obstacle course gegaan het.

Samevatting:

Die les wat ons leer uit die ysbreker is dat ons so aan Jesus verbind is as ons Sy kinders is. Die lewe het baie "obstacles" wat dit vir ons moeilik maak, maar as ons aan Jesus behoort "STICK" Jesus saam met ons en Hy sal ons deur al die moeilike dinge in die lewe help. Jesus is getrou en sal nooit ons hand los nie.

4. JOB - Getrou/comitt aan God tot die einde.

Storie van Job

Job 1:6,8-12 - Op 'n dag het die hemelwesens voor die Here kom staan, en die satan was ook onder hulle. Die Here vra toe vir die Satan: en my dienaar Job, het jy hom raakgesien? Sy gelyke kry jy nie op aarde nie: hy is vroom en opreg, hy dien My en vermy die kwaad. Toe antwoord satan die Here: dit is nie sonder rede dat Job U dien nie! U beskerm hom dan, U maak als wat hy doen voorspoedig. Selfs sy vee teel vining aan. Maar raak nou net aan sy besittings en kyk of hy

U nie in U gesig vervloek nie. Toe sê die Here vir die satan: alles wat hy het, gee Ek in jou mag oor, net aan hom self mag jy nie raak nie.

Die volgende het satan met Job gedoen als op een dag. Dink net vir julle self, hoe sou julle voel om op eendag soveel “bad” nuus te kry.[Job 1:13-19]

- BoodsAPPER kom by Job en vertel hom dat al sy osse en donkies geroof is en dat die mense selfs al die sy slawe doodgemaak het.
- Weerlig het jou kleinvee en wagtters doodgeslaan en verbrand.
- Al jou kamele is geroof en die slawe is dood gemaak.
- Al jou seuns en dogters is dood nadat 'n ruk wind die huis op hulle laat intuimel het.

Wat was Job se reaksie op die dinge wat met hom gebeur het. [Job1: 20-22]

Job het gesê: sonder iets het ek in die wêreld gekom en sonder iets gaan ek daaruit. Die Here het gegee en die Here het geneem, prys die Naam van die Here. Onder alles het Job nie gesondig of God verwyt nie.

Wat was satan se reaksie op wat Job gedoen het? [Job 2:1-6]

Die Here vra toe vir die Satan: en my dienaar Job, het jy hom nou gesien? Sy gelyke kry jy nie op aarde nie: hy is vroom en opreg, hy dien My en vermy die kwaad. Hy het vroom gebly al het jy My daartoe gebring om hom sonder rede te ruïneer. Satan sê toe vir die Here, dit beteken niks. 'n Man sal mos alles gee wat hy het, as hy net kan bly lewe. Maar raak nou net aan sy liggaam en kyk of hy U dan nie in un gesig vervloek nie. Die Here sê toe vir die satan: Goed hy is in jou mag. Net sy lewe mag jy nie neem nie. Satan is toe daar weg en het Job met pynlike swere getref van sy kop tot sy tone.

Wat was Job se vrou se reaksie? [Job 2:9-10]

En sy vrou het vir hom gesê: bly jy nog steeds vroom? Vervloek God en sterf! Toe sê Job vir haar: jy praat nou soos 'n vroumens sonder verstand. As ons die goeie van God aanvaar, moet ons nie ook die slegte aanvaar nie? Onder alles het Job met geen woord gesondig nie.

Wat was die eind resultaat vir Job omdat hy GETROU gebly het aan God? [Job 42:10,12-13]

Die Here het Job se omstandighede verander en hom twee keer soveel gegee as wat hy gehad het. Die Here het die laaste deel van Job se lewe voorspoediger gemaak as die eerste. Hy het 14 000 kleinvee, 6000 kamele, 2000 beeste en 1000 donkies gekry. En ook sewe seuns en drie dogters.

Vrae in groepe:

1. Watter tipe man was Job?
2. Wat het Job verkeerd gedoen?
3. Noem 2 slegte dinge wat met Job gebeur het?
4. Wie het vir Job gesê dat hy God moet vervloek?
5. Het Job kwaad geraak vir God oor als wat met hom gebeur het?
6. Hoe eindig die storie van Job, goed of sleg?
7. Hoe het God Job geseën op die einde van die dag?
8. Wat leer jy uit die storie van Job?

7. Nederigheid

Om nie van jouself meer te dink as wat jy behoort nie. Jy moet dus nie spog met wat jy het of wat jy kan doen nie. Om mense met sagte hande te behandel. Om nie altyd mense te wil veroordeel nie, maar om eers te luister na ander en te help as om hulle weg te wys.

Nederigheid is nie om PAPPBROEKIG te wees nie met ander woorde, jy laat nie mense oor jou loop nie jy staan op vir wat jy weet volgens Jesus se beginsels reg is. So as ons nederig wil leef moet ons net na Jesus se voorbeeld gaan kyk in Bybel en soos Hy geleef het.

Nederigheid was een van Jesus se sterkste vrugte van die Gees eienskappe wat in Sy lewe uitgestaan het. Op geen plek in die Bybel kon iemand 'n vinger wys na Jesus om te sê Hy was hoogmoedig of het van Homself meer gedink as ander nie. Jesus het dinge gedoen wat geen koning van daai tyd sou doen nie soos bv. Hy het Hom met die melaatses, die prostitute en sondaars gemeng. Hy het hulle nie soos die res van die samelewing verwerp nie.

Voorbeelde van Jesus as nederige persoon:

- * Jesus se geboorte
- * Jesus met kindertjies
- * Hy het tot Sy dissipels se voete gewas.
- * Jesus se kruisiging

Ysbreker:

Een kind moet op eiers staan.

Les wat ons leer:

Mense is so breekbaar soos 'n eier. Jou dade en woorde het die mag om iemand op te bou of te breek. Laat dit wat jy doen in nederigheid geskiet wees die minste en stel ander voor jou. Hanteer mense soos jy sou wou hê hulle jou moet hanteer.

7. Sluit af met gebed en deel selfone uit.

Ysbreker vrae: Groot/Klein beloftes

1. Jy belowe jou ma dat jy die hond gaan bad. Groot of klein belofte?
2. Jy belowe jou ma dat jy die skottelgoed sal was voor jy TV gaan kyk. Groot of klein belofte?
3. Jesus belowe ons dat Hy altyd met ons sal wees. Groot of klein belofte?
4. Jesus belowe dat Hy jou sondes sal wegneem as jy met 'n opregte hart vra Hy jou moet vergewe. Groot of klein belofte?
5. Jy belowe jou sussie om haar te help met haar huiswerk. Groot of klein belofte?
6. Jy belowe jou meisie/ou dat jy altyd getrou sal wees aan hom/haar. Groot of klein belofte?
7. Jou ouers belowe jou dat hulle vir jou 'n car gaan koop as jy matriek slaag. Groot of klein belofte?
8. Jy vriend belowe jou om jou te kom haal vir 'n movie. Groot of klein belofte?
9. Jy belowe jou meisie/ou dat jy eendag met hom/haar sal trou. Groot of klein belofte?
10. Jesus belowe dat Hy na jou luister as jy tot Hom bid. Groot of klein belofte?